
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## NOVEMBER 2024

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | 20ste-eeuse Europese Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994–Kontemporêr | (40) |
| AFDELING D: | Teatergeskiedenis, Praktiese Begrippe, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A**
**VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**
**Verwys na EEN van die toneeltekste hieronder wat jy bestudeer het en die betrokke 20ste-eeuse Europese Teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**

- *Caucasian Chalk Circle* — Bertolt Brecht
- *Kaukasiese Krytsirkel* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *Mother Courage* — Bertolt Brecht
- *Moeder Courage* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *The Good Person of Szechwan* — Bertolt Brecht
- *Kanna Hy Kô Hystoe* — Adam Small

**OF**

**TEATER VAN DIE ABSURDE**

- *Waiting for Godot* — Samuel Beckett
- *Afspraak met Godot* — Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks
- *Bagasie* — André P Brink
- *The Bald Primadonna* — Eugene Ionesco
- *Die Kaalkop Primadonna* — Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks

**OF**

**POSTMODERNE TEATER**

- *Skrapnel* — Willem Anker
- *Top Girls* — Carol Churchill
- *Popcorn* — Ben Elton
- *Buried Child* — Sam Shepard

3. **AFDELING B**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

VRAAG 2: *Woza Albert!* — Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF**
VRAAG 3: *Sophiatown* — Junction Avenue Theatre Company **OF**
VRAAG 4: *Siener in die Suburbs* — PG du Plessis

4. **AFDELING C**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

VRAAG 5: *Nothing but the Truth* — John Kani **OF**
VRAAG 6: *Groundswell* — Ian Bruce **OF**
VRAAG 7: *Mis* — Reza de Wet

5. **AFDELING D**
**Hierdie afdeling is VERPLIGTEND. Beantwoord VRAAG 8 en 9.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: 20ste-EEUSE EUROPESE TEATERBEWEGINGS

Hierdie vraag is VERPLIGTEND.

### VRAAG 1

Verwys na BRON A hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

### BRON A: 'N TEATERRUIMTE



[Bron: theplannerguru.co.za]

Bespreek, in 'n opstel, hoe jy die toneelteks wat jy vanjaar bestudeer het, sal opvoer in die styl van die betrokke 20ste-eeuse Teaterbeweging in die teater wat in BRON A getoon word.

As riglyne vir jou antwoord kan jy na die volgende aspekte van die opvoering van jou toneelstuk verwys:

- Stelontwerp
- Gebruik van die teaterruimte
- Tegniese vereistes
- Toneelspelstyl
- Temas en boodskappe wat jy deur die opvoering wil uitlig

Skryf die titel van die toneelteks en die 20ste-eeuse Beweging (Teater van die Absurde OF Epiese Teater OF Postmoderne Teater) wat jy bestudeer het, aan die begin van jou opstel neer.

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994


Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

Bestudeer BRON B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON B: DIE OPENINGSTONEEL UIT *WOZA ALBERT!***

**FOTO/PRENT A**



[Bron: Foto deur Veli Nhlapo]

**FOTO/PRENT B**



[Bron: X.com, Soweto Theatre]

Stel jou voor jy regisseer die toneel wat in die foto's/prente in BRON B getoon word.

2.1 Noem wat in die openingstoneel van die toneelstuk gebeur. (2)

2.2 Verduidelik hoe jy die twee akteurs kan lei om gedurende 'n opvoering van BRON B van karakter na karakter te transformeer. (4)

2.3 Stel voor hoe TWEE verskillende items wat aan die klerereling in FOTO/PRENT A hang, in die toneelstuk gebruik kan word. (4)

2.4 Motiveer hoe jy improvisasie met jou akteurs kan gebruik om die toneel in BRON B doeltreffend te vertolk. (4)

2.5 Beskryf die fisiese vaardighede wat jy dalk van 'n akteur kan vereis wat die toneel in BRON B vertolk. (6)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.6 Bespreek die werkswinkelproses wat gebruik is om die oorspronklike weergawe van *Woza Albert!* te skep. (6)

2.7 Vergelyk hoe jou proses as 'n regisseur van BRON B van die oorspronklike werkswinkelproses kan verskil. (4)

2.8 Evalueer hoe die temas van *Woza Albert!* die sosiopolitieke toestande gedurende apartheid en in Suid-Afrika vandag weerspieël. (10)
**[40]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY**

Bestudeer BRON C hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON C: 'N TONEEL UIT *SOPHIATOWN***



[Bron: https://statetheatre.co.za]

Stel jou voor jy regisseer die toneel wat in BRON C getoon word.

3.1 Noem wat in hierdie toneel gebeur. (2)

3.2 Stel aan die akteurs wat Ruth en Mingus speel, voor wat hulle dalk kan dink en voel in die oomblik wat in BRON C vasgevang is. (6)

3.3 Verduidelik hoe Mingus se kostuum dalk kan help om sy karakter aan die gehoor oor te dra (te toon). (4)

3.4 Motiveer hoe jy improvisasie met jou akteurs kan gebruik om hulle te help om die toneel in BRON C doeltreffend te vertolk. (4)

3.5 Motiveer hoekom jy dink die agtergrond in BRON C vir die toneelstuk geskik kan wees. (4)

3.6 Bespreek die werkswinkelproses wat gebruik is om die oorspronklike weergawe van *Sophiatown* te skep. (6)

3.7 Vergelyk hoe jou proses as 'n regisseur van BRON C van die oorspronklike werkswinkelproses kan verskil. (4)

3.8 Evalueer hoe die temas van *Sophiatown* die sosiopolitieke toestande gedurende apartheid en in Suid-Afrika vandag weerspieël. (10)

**[40]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS**

Bestudeer BRON D hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON D: 'N TONEEL UIT *SIENER IN DIE SUBURBS***



[Bron: *Facebook*, 6 Maart 2015]

Stel jou voor jy regisseer die toneel wat in die prent in BRON D getoon word.

4.1 Noem wat in hierdie toneel gebeur. (2)

4.2 Stel aan die akteurs wat Fé en Tjokkie speel, voor wat hulle dalk kan dink en voel in die oomblik wat in BRON D vasgevang is. (4)

4.3 Verduidelik hoe Tjokkie se kostuum dalk kan help om sy karakter aan die gehoor oor te dra (te toon). (4)

4.4 Motiveer hoe jy improvisasie met jou akteurs kan gebruik om hulle te help om BRON D doeltreffend uit te beeld. (4)

4.5 Motiveer hoekom jy dink die stel wat in BRON D uitgebeeld (getoon) word, 'n geskikte omgewing vir die toneelstuk kan verskaf. (6)

4.6 Verduidelik waarom hierdie toneelstuk oorspronklik geskep is. (4)

4.7 Bespreek hoe enige TWEE tegnieke van Stanislavski se Sisteem/Metode jou kan help om die toneelstuk te regisseer. (6)

4.8 Evalueer hoe die temas van *Siener in die Suburbs* die sosiopolitieke toestande gedurende apartheid en in Suid-Afrika vandag weerspieël. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994–KONTEMPORÊR

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

Bestudeer BRON E hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON E: 'N ONDERHOUD MET NOMHLE MAVUNDLA, DIE AKTRISE IN DIE ROL VAN MANDISA IN *NOTHING BUT THE TRUTH***

| | |
|---|---|
| VERSLAGGEWER: | Baie geluk met die rol van die spoggerige fashionista Mandisa! Jy moet baie opgewonde wees om saam met jou wonderlike geselskap en tegniese span te werk. |
| NOMHLE: | Dankie. Ek voel nederig en geëerd om saam met so 'n hegte en bekwame geselskap te werk om hierdie relevante verhaal lewendig te maak. |
| VERSLAGGEWER: | Jou rol vereis interessante stem- en fisieke werk. Hoe het jy dit benader? |
| NOMHLE: | Ja. Aksentwerk, tesame met Mandisa se uitgesproke geaardheid, vereis 'n sensitiwiteit en gedetailleerde kennis van haar karakter, asook spesifieke oefeninge. |
| VERSLAGGEWER: | Hoe het jy te werk gegaan om haar karakter na te vors? Mandisa speel so 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die intrige van die toneelstuk. |
| NOMHLE: | Ek het Camden Town besoek en koffie gedrink, omring deur so baie nuwerwetse modeboetieks met die regte Mandisas van die wêreld, wat nie bang is om reguit te sê wat hulle dink nie. Dit was opvoedkundig! |
| VERSLAGGEWER: | Dit moes jou idees oor jou karakter se liggaamlikheid/fisikaliteit en unieke styl beïnvloed het. Het jy enige sê oor die regisseur se kostuumkeuses vir haar gehad? |
| NOMHLE: | Ja, dit was soveel pret! Sy het my sowaar gevra om werklike uitrustings op my reis na Londen te koop, wat vir Mandisa geskik is. Dit is natuurlik nie alles net pret, pret, pret nie! Repetisies is emosioneel uitputtend omdat die onderwerp en boodskappe van die toneelstuk baie belangrik is. |
| VERSLAGGEWER: | Ek wens jou span alle sterkte toe vir julle speelvak. Almal moet hierdie relevante toneelstuk sien. |
| NOMHLE: | Baie dankie! |

[Bron: Eksaminator se eie teks]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.1 Noem die TWEE karakters, buiten Mandisa, in die geselskap van *Nothing But The Truth*. (2)

5.2 Identifiseer die funksies van TWEE tegniese spanlede wat vir die opstel van die toneelstuk benodig word. (2)

5.3 Skryf 'n karakterbiografie vir Mandisa, wat op jou kennis van die toneelstuk gebaseer is. (4)

5.4 Ontleed Mandisa se rol in die ontwikkeling van die intrige (storielyn/'plot') van die toneelstuk. (4)

5.5 Verduidelik watter fisieke en/of stemwerk die aktrise wat Mandisa speel, kan doen om haar karakter doeltreffend uit te beeld. (6)

5.6 Beskryf die opvoerings- en lewensvaardighede wat 'n aktrise kan leer deur in 'n klein, hegte geselskap te werk. (6)

5.7 Evalueer, deur na die temas van die toneelstuk te verwys, waarom almal *Nothing But The Truth* moet sien. (6)

5.8 'Realisme in die teater maak staat op 'n ware weerspieëling van die lewe in ons wêreld.'

– Heshathate Smanava

Bespreek hoe *Nothing But The Truth* 'n ware weerspieëling van die lewe in ons wêreld skep deur die toneelstuk se intrige, dekorstel en taal. (10)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE**

Bestudeer BRON F hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON F: 'N ONDERHOUD MET VUYO MBILINI, DIE AKTEUR IN DIE ROL VAN THAMI IN *GROUNDSWELL***

| | |
|---|---|
| VERSLAGGEWER: | Baie geluk met die rol in Ian Bruce se betekenisvolle toneelstuk. Jy moet baie opgewonde wees om saam met jou wonderlike geselskap en tegniese span te werk. |
| VUYO: | Dankie. Ek voel nederig en geëerd om saam met so 'n hegte en bekwame geselskap te werk om hierdie relevante verhaal lewendig te maak. |
| VERSLAGGEWER: | Jou rol vereis vaardige stem- en fisieke werk. Hoe het jy dit benader in jou voorbereiding vir die rol? |
| VUYO: | Ja. 'n Sensitiwiteit en gedetailleerde kennis van sy karakter, asook spesifieke daaglikse oefeninge word vereis om beide vokaal en fisiek voor te berei om 'n geloofwaardige opvoering te lewer. |
| VERSLAGGEWER: | Hoe het jy te werk gegaan om sy karakter na te vors? Thami speel so 'n interessante rol in die ontwikkeling van die intrige van die toneelstuk. |
| VUYO: | Ek het die Oos-Kaap besoek en met die regte Thami's van die wêreld gepraat, wat destyds soortgelyke werklike situasies beleef het. Dit was opvoedkundig! |
| VERSLAGGEWER: | Dit moes jou beïnvloed het oor hoe jy jou karakter ontwikkel het. Het jy enige sê oor die regisseur se idees vir die voorbereiding vir 'n realistiese rol gehad? |
| VUYO: | Ja, dit was regtig uitdagend om so baie Thami's te verteenwoordig wat probeer het om hulle eie 'beter lewe vir almal' in Suid-Afrika te skep. Repetisies was emosioneel uitputtend omdat die onderwerp en boodskappe van die toneelstuk baie belangrik is. |
| VERSLAGGEWER: | Ek stem saam en wens jou span alle sterkte toe vir julle speelvak. Die wêreld moet hierdie toneelstuk sien. |
| VUYO: | Baie dankie! |

[Bron: Eksaminator se eie teks]

6.1 Noem die TWEE ander karakters in die rolverdeling van *Groundswell*. (2)

6.2 Identifiseer die funksies van TWEE tegniese spanlede wat vir die opstel van die toneelstuk benodig word. (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



6.3 Skryf 'n karakterbiografie vir Thami, gebaseer op jou kennis van die toneelstuk. (4)

6.4 Ontleed Thami se rol in die ontwikkeling van die intrige (storielyn/'plot') van die toneelstuk. (4)

6.5 Verduidelik watter fisieke en/of stemwerk die akteur wat Thami speel, kan doen om sy karakter doeltreffend uit te beeld. (6)

6.6 Beskryf die opvoerings- en lewensvaardighede wat 'n akteur kan leer deur in 'n klein, hegte geselskap te werk. (6)

6.7 Evalueer, deur na die temas van die toneelstuk te verwys, waarom almal *Groundswell* moet sien. (6)

6.8 'Realisme in die teater maak staat op 'n ware weerspieëling van die lewe in ons wêreld.'

– Heshathate Smanava

Bespreek hoe *Groundswell* 'n ware weerspieëling van die lewe in ons wêreld skep deur die toneelstuk se intrige, dekorstel en taal. (10)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 7: *MIS* DEUR REZA DE WET**

Bestudeer BRON G hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON G: 'N ONDERHOUD MET DIVAN BOSMAN, DIE AKTEUR IN DIE ROL VAN KONSTABEL IN *MIS***

| | |
|---|---|
| VERSLAGGEWER: | Baie geluk met die rol as Konstabel in hierdie fassinerende toneelstuk. Jy moet baie opgewonde wees om saam met jou wonderlike geselskap en tegniese span te werk. |
| DIVAN: | Dankie. Ek voel nederig en geëerd om saam met so 'n hegte en bekwame geselskap te werk om hierdie ongewone verhaal lewendig te maak. |
| VERSLAGGEWER: | Jou rol vereis interessante stem- en fisieke werk. Hoe het jy dit benader? |
| DIVAN: | Ja. Dit was nodig om 'n sensitiwiteit en gedetailleerde kennis van sy karakter se motiewe te hê, asook spesifieke oefeninge om geloofwaardigheid in die vertolking van sy 'blindheid' te ontwikkel. |
| VERSLAGGEWER: | Hoe het jy te werk gegaan om sy karakter na te vors? Konstabel speel so 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die intrige van die toneelstuk. |
| DIVAN: | Ek het die sirkus en verskeie polisiestasies besoek om te ondersoek hoe beide die polisie en misdadigers se koppe werk. 'n Besoek aan 'n plaaslike skool vir blindes was opvoedkundig. |
| VERSLAGGEWER: | Dit moes jou idees oor jou karakter se fisieke en stem-eienskappe beïnvloed het. Het jy enige sê oor die regisseur se idees vir die uitbeelding van Konstabel gehad? |
| DIVAN: | Ja, ons het saamgewerk aan 'n baie interessante psigologiese reis om so 'n komplekse karakter te vertolk. Repetisies is emosioneel uitputtend omdat die onderwerp en boodskappe van die toneelstuk regtig ingewikkeld, maar belangrik, is. |
| VERSLAGGEWER: | Ek wens jou span alles van die beste toe vir julle speelvak. Gehore moet hierdie merkwaardige toneelstuk sien. |
| DIVAN: | Baie dankie! |

[Bron: Eksaminator se eie teks]

7.1 Noem TWEE ander karakters in die rolverdeling van *Mis*. (2)

7.2 Identifiseer die funksies van TWEE tegniese spanlede wat vir die opstel van die toneelstuk benodig word. (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



7.3 Skryf 'n karakterbiografie van Konstabel, gebaseer op jou kennis van die toneelstuk. (4)

7.4 Ontleed Konstabel se rol in die ontwikkeling van die intrige (storielyn/'plot') van die toneelstuk. (4)

7.5 Verduidelik watter fisieke en/of stemwerk die akteur wat Konstabel speel, kan doen om sy karakter doeltreffend uit te beeld. (6)

7.6 Beskryf die opvoerings- en lewensvaardighede wat 'n akteur kan leer deur in 'n klein, hegte geselskap te werk. (6)

7.7 Evalueer, deur na die temas van die toneelstuk te verwys, waarom almal *Mis* moet sien. (6)

7.8 'Realisme in die teater maak staat op 'n ware weerspieëling van die lewe in ons wêreld.'

– Heshathate Smanava

Bespreek hoe *Mis* 'n ware weerspieëling van die lewe in ons wêreld skep deur die toneelstuk se intrige, dekorstel en taal. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**

**VRAAG 8 en 9 is VERPLIGTEND.**

**VRAAG 8**

8.1 Noem 'n teaterpraktisyn OF die titel van 'n toneelstuk wat verband hou met die teaterstyle wat hieronder gelys is.

8.1.1 Realisme in die Teater (2)

8.1.2 Arm/Gestroopte Teater (2)

8.1.3 Protesteater (2)

8.1.4 Gemeenskapsteater (2)

8.1.5 Satire en Satiriese Revue (2)

8.2 Skryf studie-aantekeninge oor EEN van die teaterstyle wat in VRAAG 8.1.1 tot 8.1.5 hierbo gelys is. Skryf die geselekteerde teaterstyl as 'n opskrif vir jou aantekeninge.

Jy kan enige van die volgende formate vir jou notas gebruik:

- Sleutelwoorde en definisies
- Kolpunte
- Kort frases
- Spinnekopdiagram
- Breinkaart (10)

**[20]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 9**

Bestudeer BRON H hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON H: PRENTE VAN FISIEKE TEATER**

**PRENT A**



[Bron: www.uticaod.com]

**PRENT B**



[Bron: dailytelegraph.com.au]



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



9.1 Definieer *Fisieke Teater*. (2)

9.2 Verskaf en motiveer geskikte opskrifte vir die Fisieke Teater-opvoerings wat in PRENT A en PRENT B (in BRON H) uitgebeeld word. (4)

9.3 Evalueer DRIE eienskappe of vaardighede wat van die kunstenaars in BRON H vereis mag word. (6)

9.4 Verduidelik waarom die kostuums geskik kan wees vir die opvoerings wat in BRON H uitgebeeld word. (2)

9.5 Motiveer of beweging en Fisiese Teater in die Dramatiese Kunste-kurrikulum behou moet word, of nie. (6)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS
Proudly South African